## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Susan Botha, Johan Rossouw, Almien Walton. |
| **Maandag:** | Annie Botes, Annetjie le Roux, Dawie van Niekerk, Wilhelm Visagie. |
| **Dinsdag:** | Marié de Wet, Chris Jooste, Mia Möller, Hester Theron, Christiaan van der Walt. |
| **Woensdag:** | Christine Erasmus, Jeanri Olwage, Klara van Wyk, Jean-Mari Rautenbach, Chris van der Merwe, Adriaan vanDyk. |
| **Donderdag:** | Mossie Carstens, Marie de Villiers, Marthie de Villiers. |
| **Vrydag:** | Natalie du Toit, Ernst Engelbrecht. |
| **Saterdag:** | Piet Nell, Stefan Swanepoel, Charlie Whitehead. |

## HELDERBERG SENIORKLUB

Dinsdag 8 April 9:00 by NGK Hottentots-Holland
Spreker: Dr Marinus Knight (Prototis en Ortotis)
Alle Afgetredenes welkom!
Lede: R10 & Besoekers: R20



## HAM BEHEERRAADSLEDE

Huis Andrew Murray & Huis van Heerde Kinder– en Jeugsorgsentrums is 'n program van Badisa, 'n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk Wes– en Suid-Kaap en VGKSA (Kaapland).
Hul benodig kundigheid op die beheerraad en is op soek na dinamiese en gemotiveerde persone met 'n positiewe lewensingesteldheid teenoor kinders en jeugdiges. Die ampstermyn verstrek op 31 Maart 2026, maar kan vir 'n verdere 3 jaar verleng word.
Diensaanvaarding: Junie 2025
Rig volledige CV voor/op 30 April 2025 aan:
manager@andrewmurray.org.za

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 6 APRIL 2025**

### *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die vierde Sondag in Lydenstyd

| | |
|---|---|
| 09:00: | SAMANTHA CHAMBERLAIN |
| SKRIFLESING: | LUKAS 6:46 - 49 |
| TEMA: | LUISTER, BOU, LEEF |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

**Vandag se deuroffer: Calvynse Protestantse Kerk, Macassar**

Ons gemeente het in 1999 met die Calvynse Kerk in Macassar kontak gemaak, tydens 'n vrygewigheidsweek. Gemeentes uit verskillende gemeenskappe is daardie jaar tydens die Pinkster-week aan mekaar verbind, en daar het 'n vriendskapsband tussen ons twee gemeentes ontstaan. So het ons kennis gemaak met die sopkombuis wat uit hulle kerkgebou bedryf is, en sedertdien ontwikkel het tot MHELP (Macassar Help Empower Local People). Ook die Macassar Ligdraers (voorheen: Macassar Jesusbende) het uit hierdie verhouding ontstaan. Ons gemeente het 'n aantal jaar gelede gehelp dat hulle kerkgebou vergroot kon word, sodat MHELP daaruit bedryf kan word. Vandag se deuroffer word geskenk aan die Calvynse Kerk in Macassar, om hulle te help met die instandhouding van hulle kerkgebou, en om dankie te sê vir die samewerking met hulle.

**Volgende week se deuroffer: Macassar Ligdraers**


**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Selfoon:** 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag:** | 19:00 | Bybelstudie (Familiekamer) - Openbaring |
| **Woensdag:** | 08:45 | Bybelstudie (Familiekamer) - Romeine 9 - 11 |
| | 10:00 | Bybelstudie by Huis Vonke - Openbaring |
| | 15:00 | Diens by Lancelot |
| **Vrydag:** | | Familiekamp te Disakloof |
| **Sondag:** | | **PALMSONDAG:** |
| | | Diens in die Kerkgebou en by Disakloof |

## Bybelgesprek op Woensdagoggende

### Wat nou van die Jode?

Ons begin op **Woensdag 9 April** met 'n kort reeks wat handel oor hierdie vraag - na aanleiding van Romeine 9-11.
Elke Woensdag 8:45-9:45 in die Familiekamer.
Jy is baie welkom om dit te kom bywoon Jy kan net opdaag

## Vakature in ons Gemeente vir Boekhouer

Luna Hoffmann, sedert 2021 ons gemeente se boekhouer, het bedank en voltooi haar diens op 30 April 2025. Enigiemand met die nodige kwalifikasies kan aansoek doen vir hierdie pos voor / op 17 April. Meer besonderhede is op die bord in die voorportaal, op die gemeente se webblad of by die kerkkantoor beskikbaar.
Diensaanvaarding op 1 Mei, of so gou moontlik ddaarna.

## Vingerlose handskoene vir Macassar Primêr se ligdraers.

Die Winter kom vinnig nader en ons wil poog om vir elke kind ń paar handskoene te gee. Daar is 1300 leerders. Jou hulp sal baie waardeer word. Indien jy nie self brei nie kan jy gerus **navy blou wol** vir hierdie projek skenk. Daar sal wol in die portaal beskikbaar wees, maar jy kan jou eie ook gebruik. Gee gerus by die Kerkkantoor af.

***PATROON:***

*Stel 32 steke op met 5 1/2 breipenne.*
*Brei 8 rye 2regs 2 awe regs. Brei 30 rye net regs.*
*Einding met 16 rye 2regs 2awe regs.*
*Heg af en werk toe.* Werk die eerste 8 rye toe, laat 10 rye oop vir duim en werk toe tot bo.






Indien jy nie die kamp kan bywoon nie, maar graag 'n bydrae wil maak i.t.v 'n **skenking,** sal die volgende bederfies baie waardeer word: *Hot chocolate, Koffie, Tee, Suiker, Melk, Koekies, Beskuit, Marshmallows, aanmaak koeldrank*

## Kom kuier saam!

Ons volgende kuier-geleentheid van die jaar vind Dinsdag, **15 April**, plaas. Almal wat gedurende die dag so iets kan bywoon is welkom.



Ons leer ken mekaar, luister na mekaar se kom-vandaan-stories en drink saam tee.
Lee Randall kom met ons gesels oor haar ervaringe by verskillende ambassades toe sy vir baie lank vir die departement Buitelandse Sake gewerk het. Jy hoef nie vooraf te laat weet nie - kom kuier gerus saam!

